# Nederlandse Geloofsbelydenis

## Artikel: 6

ONDERSKEID TUSSEN DIE KANONIEKE EN APOKRIEWE BOEKE

Ons onderskei hierdie heilige boeke van die apokriewe boeke:

1. die derde en vierde boek van Esra,
2. die boek van Tobias,
3. Judit,
4. die Wysheid,
5. Jesus Sirag,
6. Barug,
7. die byvoegsel by die geskiedenis van Ester,
8. die Gebed van die drie manne in die vuur,
9. die Geskiedenis van Susanna,
10. die Beeld van Bel en die Draak,
11. die Gebed van Menasse en
12. die twee boeke van die Makkabeërs.

Die kerk mag hierdie boeke wel lees en daaruit lering trek vir sover hulle met die kanonieke boeke ooreenstem.

Hulle het egter geensins sodanige krag of gesag dat iemand deur hulle getuienis enigiets van die geloof of van die Christelike godsdiens sou kan bevestig nie.

Hulle mag nie in die minste aan die gesag van ander, die heilige boeke, afbreuk doen nie.

Ons onderskei hierdie heilige boeke van die apokriewe boeke: die derde en vierde boek van Esra, die boek van Tobias, Judit, die Wysheid, Jesus Sirag, Barug, die byvoegsel by die geskiedenis van Ester, die Gebed van die drie manne in die vuur, die Geskiedenis van Susanna, die Beeld van Bel en die Draak, die Gebed van Menasse en die twee boeke van die Makkabeërs.

Die kerk mag hierdie boeke wel lees en daaruit lering trek vir sover hulle met die kanonieke boeke ooreenstem.

Hulle het egter geensins sodanige krag of gesag dat iemand deur hulle getuienis enigiets van die geloof of van die Christelike godsdiens sou kan bevestig nie. Hulle mag nie in die minste aan die gesag van ander, die heilige boeke, afbreuk doen nie.